VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR
NG KROONSTAD-NOORD



Gemeentelike visie: *"Ons is hier vir God, mekaar en die wêreld"*

Kroonstad, 'n groot Noord-Vrystaatse dorp, is geleë aan die oewers van die Valsrivier sowat 200km van Johannesburg en Bloemfontein en sowat 120km vanaf Potchefstroom. Die dorp beskik oor goeie skole, 'n kollege, sakesentrum, industrieë, hospitale, versorgingsoorde vir bejaardes en gestremdes en 'n sterk boeregemeenskap.

Gemeenteprofiel: Die gemeente maak deel uit van die Valsrivier Ring en het 'n ryk geskiedenis van 90 jaar. Die sandsteengebou is een van Gerhard Moerdyk se mooiste ontwerpe en beskik oor 'n unieke klokkespel en besonderse orrel. Die gemeente bestaan uit meer as 400 lidmate met 'n ouderdomsverspreiding van 14% onder 20 jaar, 45% tussen 20 en 60 jaar en 41% bo 60 jaar. Ons het 'n sterk barmhartigheidsgrondslag en sien onsself as 'n groot omgeefamilie in Christus. ENGO se kantore vir Gesinsorg en Jeugsorg is op ons perseel geleë en sluit aan by ons strategiese objektief om met barmhartigheid diensbaar te wees in ons gemeenskap en siele te wen vir die Koninkryk.

Leraarsprofiel:

- Bedieningsgeleentheid volgens Art 9 van die Kerkorde
- Duidelike roeping om hier diensbaar te wees
- Entoesiastiese Skrifgetroue en aktuele Woordverkondiging
- Positiewe, jong tot middeljarige spanbouer- en leier met liefde vir gemeentesang
- Bereid om gemeente, asook jeugbediening uit te bou en op te bou
- Op platteland te kan aanpas, gemaklik te wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadiums te handhaaf
- Hart vir barmhartigheidsdiens en die uitreik na die gemeenskap
- Saam met gade betrokke te wees by alle gemeentelike byeenkomste

Vergoeding:

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn
- Huisvesting in moderne pastorie
- Reiskoste volgens sinodale skaal
- Telefoon-, internet- en alarmtoelaag

Aansoeke:

- Sluit asseblief CV in met minstens drie verwysings met kontaknommers
- Aansoeke per e-pos aan **ngnoord@telkomsa.net**
- Aansoekers wat die kortlys haal, sal gekontak word vir 'n onderhoud. Ons verwelkom ook graag u gade by 'n moontlike preekgeleentheid.

Sluitingsdatum: Vrydag 5 Oktober 2018 en diensaanvaarding is onderhandelbaar

Navrae: Mnr Owen Keeve (Voorsitter van die Kerkraad) op 082 569 2410, of die Kerkkantoor op 056 212 4632 (Kantoorure Ma-Vr 09:00-13:00)